

20 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-16

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13, 14 (NAV)

Die Woord deur die apostels verkondig: nie as mensewoorde ontvang nie

Die gelowiges in Tessalonika het die Woord wat deur die apostels verkondig is, nie as net mensewoorde ontvang nie. Hulle het dit as die Woord van God ontvang en aangeneem. Daarom het die evangelie hulle nie koud gelaat nie, maar dit het deur die Heilige Gees 'n uitwerking op hulle lewens gehad, sodat hulle volgelinge van die Here Jesus geword het (1 Tess. 1:5, 6).

In ons fokusgedeelte herinner Paulus die Tessalonisense aan hoe hulle die Woord van God ontvang het. Hy doen dit omdat daar teëstanders van die evangelie was wat die gelowiges in vertwyfeling wou bring. Hulle moes daarom weer hoor dat hulle die evangelie ontvang het as Woord van God en daarom het dit met hulle gegaan soos wat dit gegaan het met die gemeentes in Judea. Hulle moes ter wille van hulle geloof ly. Omdat hulle dieselfde geloof *bely* het, het hulle ook dieselfde *gely*. Lyding ter wille van Jesus Christus is 'n bewys van egte dissipelskap (vgl. Joh. 15:20).

Wie God se Woord ontvang en as Woord van God aanneem, moet allerhande vorme van lyding ter wille van Jesus Christus verwag. Die lyding kan uitwendige dinge wees soos spot en slegsê ter wille van jou Christelike beginsels. Dit kan ook meer innerlik van aard wees. Om die waarheid te sê: elke Christen moet daagliks met hierdie innerlike lyding in aanraking kom. Dit is dié lyding waarin jy jouself verloën, jou kruis opneem en Jesus volg. Ken jy die lyding waarin jy jou sondige wil prysgee, om aan die Here gehoorsaam te wees?

Moet jou nie deur lyding ter wille van die Here laat afskrik nie. Verbly jou eerder daarin. In die lyding kan jy sien dat jy nie net 'n band het met ander gelowiges nie, maar ook met die Here Jesus Self. En wie in dieselfde lyding deel, sal ook in dieselfde heerlijkheid deel.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 4

Ds. ASA de Bruyn (Wilropark)